



13 November 2019

Geagte ouers

OMVATTENDE SEKSUELE ONDERRIG IN LEWENSORIËTERING

Vele van u het waarskynlik al in die media iets gelees of gehoor van die omstrede veranderinge aan die inhoud van die Lewensoriëntering-kurrikulum.

Wees verseker dat GSDP se bestuur in uitvoering van hul mandaat om oor die skool te waak, hierdie saak nie ligtelik opneem nie.

Aangesien ons 'n onafhanklike gereformeerde skool is en die onafhanklikheid bepaalde regte insluit, naamlik dat ons die inhoud van die kurrikulum ooreenkomstig ons lewens- en wêreld-beskouing mag aanbied, bied ons aan u, as ouers en lede van hierdie vereniging, die gerusstelling dat ons kurrikulum nie hiermee vermeng sal raak nie.

Ons huldig ook die standpunt dat, alhoewel die regering oor ons gesag moet uitoefen waaraan ons, ons gehoorsaam moet onderwerp, ooreenkomstig Rom 13:1, is die regering se gesag nie onbegrens nie. Ons kan as Christene nie toelaat dat hulle aan ons dinge voorskryf waaroor hulle geen seggenskap het nie. God gee dus nie aan die staat die gesag oor wat ons kinders mag leer en nie mag leer nie, dit is gesag wat die Here aan gelowige ouers gee. Daarom ondersoek en bestudeer ons die Skrif om sodoende te mag weet wat die Here wil hê ons aan ons kinders hieroor moet onderrig.

Verskeie onderwysinstansies soos die SAOU, asook FEDSAS, waarvan GSDP lid is, beveeg hierdie saak tot op regeringsvlak.

Indien u meer oor hierdie onderwerp wil lees, asook ons beskouing daarvan, besoek gerus ICO se webtuiste. In die jongste "Bind en Bou" e-tydskrif is daar 'n Bybelse begroning hieroor. Lees gerus ook die artikel "Die opdrag van Seksuele voorligting"

<http://www.ico.org.za/wp-content/uploads/2019/10/BB-1-30-10-Dubbelblad.pdf>

<http://www.ico.org.za/wp-content/uploads/2019/05/Die-opdrag-van-Seksuele-voorligting.pdf>

U is welkom om GSDP se Bestuur te kontak indien u nog navrae hieroor het.

Vriendelike groete

Mnr J Drijfhout

Voorsitter: GSDP-Bestuur